



Penguin
Random House
South Africa



PERSVERKLARING

25 Januarie 2018

VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING



Die lang man sonder skaduwee

DEUR Antoinette Pienaar

Stap saam op die Karoo se grondpad na genesing.

In Antoinette Pienaar se nuwe boek, *Die lang man sonder skaduwee*, sit sy haar reis met Karookruie en hul genesende krag voort soos sy reeds vir baie jare in haar weeklikse program oor RSG doen. Lesers het haar en oom Johannes ook leer ken in *Kruidjie roer my*, wat reeds sy plek as klassieke werk in Afrikaans ingeneem het.

Antoinette werk al reeds vir jare in die Karoo saam met oom Johannes Willemse, die legendariese Griekwa-medisyne-man. Saam gebruik hulle die helende kragte van kruie om mense se lywe en siele te dokter.

In dié boek gee sy nie net praktiese raad oor hoe om kruie te gebruik om allerlei kwale te behandel nie, maar ondersoek sy ook die genesende krag wat in die ou stories, raaisels en rympies van die Griekwa-mense skuil. Sy glo dat 'n fisieke probleem dikwels 'n emosionele oorsprong het en dat daar helende kragte in stories is.

Die stories, rympies en raaisels, by monde van oom Johannes, verwoord die unieke lewensinsig van die Karoomense. Antoinette vertel haar belewenis daarvan vol begrip en deernis, met 'n warmte wat 'n mens amper tasbaar deur die boek kan voel.

Die boek bevat pragtige waterverf-illustrasies wat elke hoofstuk se rympie, raaisel of storie uitbeeld. Met sy indeks agterin is die boek benewens leesboek ook 'n naslaanbare gids. Die boek sluit ook nuwe foto's van Antoinette, oom Johannes en hul lewe in die Karoo in.

Die langman sonder skaduwee is volksbesit: waardevolle inheemse kennis liefdevol opgeteken vir lees en herlees.

Antoinette Pienaar is in Carnarvon as een van vyf dogters gebore en het aan die Universiteit van Stellenbosch 'n graad in drama behaal. Daarna het sy 'n loopbaan as sangeres gevolg met landwye optredes waarin sy dikwels historiese heldinne, soos Krotoa van die Kaap, besing het. Die afgelope sewentien jaar is sy vakleerling van oom Johannes Willemse diep in die berge van die Karoo.

ISBN: 978-1-4152-0943-1 (druk) | **ISBN:** 978-1-4152-0944-8 (e-pub)

Voorgestelde verkoopsprys: R260 | **Kategorie:** Niefiksie



Vir 'n onderhoud met Antoinette Pienaar, voorblaaie en / of skrywersfoto's, kontak Ryno Posthumus by RPosthumus@penguinrandomhouse.co.za / 011 327 3550. Vir meer inligting, besoek www.penguinrandomhouse.co.za